



**1 April 2003**

Posbus 1615  
Bethlehem, 9700  
Tel/Faks: (058) 303 9640

**BESTUURSINLIGTING**

## **IS INSETVERSEKERING DIE MOEITE WERD?**

*Die afgelope aantal jare het daar heelwat finansierders op die landboutoneel verskyn wat bereid is om produksiekrediet sonder sekuriteit aan boere te verskaf, mits daar dan insetversekering in plek is wat die oes kan waarborg. Hierdie stelsel is nie nuut in oorsese lande nie en het dus daar vandaan af na Suid-Afrika oorgewaai. Die enigste verskil is dat die Suid-Afrikaanse boer die volle premie van die versekering moet dra terwyl dit in oorsese lande gedeeltelik of selfs ten volle deur die Staat betaal*

# **NUUSBERIG**

Dit sal nie help om voor die Suid-Afrikaanse regering se deur te sit en huil oor wie die premie moet betaal nie. Wat vir die plaaslike boer van belang is, is of dit die moeite werd is om aan so 'n stelsel deel te neem, met inagneming daarvan dat hyself die premie en die koste daaraan verbonde moet betaal.

### **Hoe werk dit?**

Sonder uitsondering, is daar drie partye by insetversekeringstelsels in Suid-Afrika betrokke. Die belangrikste party is die versekeraar wat bereid is om die oes teen enige vorm van verliese te beskerm. Sodra daar 'n versekeraar beskikbaar is, is die handelsbanke bereid om fondse vir die finansiering van die insette beskikbaar te stel. Fakture word aan die bank voorgelê sodat die insetverskaffer dan direk betaal kan word.

Die versekeraar vereis dat die oes deurlopend gemonitor moet word om skade so vroeg as moontlik te kan bepaal en om seker te maak dat die

boer die regte bestuurspraktyke toepas. Die versekeraar is egter nie bereid om self hierdie kontrole toe te pas nie en daarom tree daar 'n derde party as administreerder en kontroleerder van die stelsel op. Dit kan 'n afdeling van die bank, 'n koöperasie of agribesigheid en selfs 'n privaat onderneming wees. Sonder die drie partye kan die stelsel nie funksioneer nie en uiteraard moet daar ook 'n boer wees wat die oes plant alvorens enigiets kan gebeur.

Soos met enige versekering, is daar 'n risiko aan verbonde en poog die versekeraars om hulle risiko so laag as moontlik te hou. Die stelsel werk dus op die basis dat 65% in die geval van koring en 60% in die geval van mielies se langtermyn opbrengs van ten minste vyf jaar verseker word teen die pryse wat by ondertekening van die kontrak heers. Sou 'n boer se langtermyn opbrengs van koring dus 2.3 ton/ha wees, sal die versekeraar bereid wees om 1.5 ton/ha te verseker. Daar is fyner aspekte van die versekering ook van toepassing soos dat die persentasie wat verseker word van gebied tot gebied en selfs van boer tot boer kan varieer, na gelang van die risiko daaraan verbonde. Die

versekering word gewoonlik ook per plaas gedoen en nie per land soos wat die geval met haelversekering is nie.

Die terugbetaling van die finansiering geskied op die beginsel dat die boer sy oes deur middel van silosertifikate aan die handelsbank sedgeer. Die boer maak die verlangde gedeelte van sy oes teen 'n kontrakprys vas en hierdie graankontrak dien as terugbetaling vir die handelsbank. Die res van die oes kan die boer vir sy eie rekening verkoop. Sou daar nie 'n oes wees nie, betaal die versekeraar die lening van die boer by die handelsbank af, in gevolge die polis.

### **Wat is beskerm?**

Insetversekering dek die boer teen enige gebeurtenis wat buite sy beheer tot 'n oesverlies lei. Dit sluit in droogte, wind, ryp, oormaat reën en 'n onbeheerde plaag soos roes of luise. Hoewel dit kan lyk of dit ingesluit is, word die haelversekering addisioneel tot die insetversekering gevoeg word. Daar is gewoonlik ook beskerming vir verlies aan graankwaliteit in die polis vervat. Dit moet egter baie sterk beklemtoon word dat die versekering slegs van toepassing is op omstandighede buite die boer se beheer, naamlik die sogenaamde "*Acts of God*". Indien daar oesverliese is as gevolg van die boer se eie bestuur, sal die versekering nie uitbetaal nie. Daarom word die lande deurlopend gemonitor om seker te maak dat die boer voortdurend die regte bestuurspraktyke toepepas het en dat 'n oesverlies ten volle aan omstandighede buite sy beheer toegeskryf kan word.

Die versekerde waarde is op die hele plaas van toepassing teen die persentasie wat aan die boer toegeken word en teen die prys waarteen die boer sy oes verseker het. Sou sy oes oor die hele plaas minder as byvoorbeeld 65% van sy langtermyn opbrengs beloop, sal die versekering dié gedeelte onder die 65% uit betaal teen die prys waarteen die boer sy oes verseker het. Dit sal nie teen heersende pryse uitbetaal nie en dit sal ook nie per land uitbetaal nie. Sou die boer dus op een spesifieke land 'n totale misoes gehad het maar sy opbrengs oor

die hele plaas is steeds hoër as 65% van sy langtermyn opbrengs, gaan die versekering nie uitbetaal nie.

### **Wat kos dit?**

Die verskaffing van produksiekrediet met behulp van insetversekering is duurder as die normale verkryging van produksiefinansiering. Daar is 'n addisionele versekeringspremie ter sprake, die rentekoers kan verskil, daar is 'n bestuursfooi betrokke en daar kan ook 'n hanteringsfooi gevorder word.

Die versekeringspremie word jaarliks deur die versekeraar vasgestel, afhange van die eise/premie geskiedenis en na gelang van die verwagte risiko, soos byvoorbeeld 'n El Nino-verskynsel. Op die oomblik is die premies in die omgewing van 5.5% wat dan nie die haelversekering insluit nie. Haelversekering is verpligtend en dié premie moet nog by die 5.5% gevoeg word. Buiten dat dit verpligtend onder die insetversekeringsstelsel is, is die haelversekeringspremie in werklikheid nie 'n addisionele koste nie as die boer in elke geval daarvoor sou verseker het.

Die rentekoers wat op die finansiering van toepassing is, is in die reël goedkoper as dié van normale finansiering. Omdat dit 'n groepskema is en die handelsbanke se risiko redelik goed gedek is, word al die kliënte gewoonlik teen primakoers gefinansier maar dit kan selfs teen laer koerse gedoen word. Die boer behoort dus nie van so 'n stelsel gebruik te maak waar die rentekoers hoër as prima is nie.

Die premie en die rentekoers vergoed die versekeraar en die handelsbank vir hulle deelname aan die stelsel. Die administrerende verhaal gevolglik nog 'n bykomende fooi van ongeveer 2% op die versekerde waarde om sy uitgawes te dek. Die bestuursfooi kan in sommige gevalle minder wees maar die boer moet bedag daarop wees dat hierdie verminderde bestuursfooi dan nie op 'n ander manier verhaal word nie. In sommige gevalle word daar ook 'n hanteringsfooi verhaal om die boer se insette namens hom te betaal. 'n Bykomende

hanteringsfooi grens aan gulsigheid want dit verhoog net die uiteindelijke koste van insetfinansiering en die boer moet daarop bedag wees.

Sommige administreerders dring ook daarop aan dat slegs hulle die boer se oes onder die tipe finansiering mag bemark. Die rede kan tweeledig wees: eerstens het die administreerder die sekerheid dat die oes wel aan hom gelewer word maar tweedens en bes moontlik die belangrikste rede, kan die administreerder bykomende kommissie verdien deur self die graan te bemark. Die boer behoort dus seker te maak wat die totale koste van die betrokke stelsel is waaraan hy deelneem. Dit is nie altyd so maklik nie aangesien sommige van die koste só verskuil kan wees dat dit moeilik bereken kan word.

### **Wat is die risiko?**

Gegewens oor die opbrengs van koring en mielies van COMPUTUS se groep boere in die Oos-Vrystaat veskyn in Figuur 1 en 2. Volgens Figuur 1 is die langtermyn opbrengs van koring vir die afgelope sewe jaar in die Oos-Vrystaat 2.3 ton/ha, hoewel dit oor die termyn van sewe jaar redelik gevarieer het. Die waarde van 65% van die langtermyn opbrengs is 1.5 ton/ha. In 1996 was die werklike opbrengs van hierdie groep boere 1.7 ton/ha en in 2000 was dit 1.4 ton/ha. Vir die ander jare was die opbrengs 2 ton/ha en meer gewees.

In die geval van mielies, is die langtermyn opbrengs 3.3 ton/ha vir die groep boere in die Oos-Vrystaat. Die opbrengs beloop 2 ton/ha in die geval van 60% se insetversekering. Die mielie-opbrengs van dié groep boere was baie konstant oor die afgelope sewe jaar en het nooit naby of onder die versekerde opbrengs van 60% gekom nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die risiko van mielies verhoog soos wat die reënval vanaf die Oos-Vrystaat na die Wes-Vrystaat en die Noord-Wesprovinsie afneem.

In die geval van koring sou 'n aantal boere se opbrengs in 1996 beslis onder die gemiddeld van 1.7 ton/ha gewees het en sou van hulle

waarskynlik in daardie jaar onder 'n insetversekeringstelsel gebaat het. In 2000 was die gemiddelde opbrengs van hierdie groep boere onder 65% van die langtermyn opbrengs en sou meer as die helfte van hierdie boere tóé heel moontlik eise teen die insetversekering kon instel. Met betrekking tot mielies sou die meeste boere in die Oos-Vrystaat in sewe jaar nie 'n eis kon instel nie.

### **Is dit die moeite werd?**

Op die oog af lyk dit nie die moeite werd om mielies in die Oos-Vrystaat onder insetversekering te beskerm nie. In die geval van koring is die kans om te eis tussen een keer en twee keer elke sewe jaar. Maar eindig die risiko hier? Figuur 3 toon die waarde van landbougrond in die Oos-Vrystaat aan teenoor die totale insetkoste van mielies en koring. As die boer nie van insetversekering gebruik maak nie, moet hy sy grond of ander bates as sekuriteit aanbied as hy op die tradisionele manier finansiering wil bekom. Tot en met 1999 het insetkoste en grondwaardes redelik ooreengestem en kon die boer sy plaas as sekuriteit vir finansiering aanbied. Daarna het grondwaardes steeds dieselfde gebly en selfs effens gedaal terwyl insetkoste skerp toegeneem het. Grond het tóé nie meer genoeg sekuriteitswaarde vir insetkoste gehad nie. Sou die boer dan 'n misoes kry, is daar te min sekuriteit om hom nog 'n jaar op die plaas te hou en sal hy sy plaas in een jaar kwyt wees. Uit dié oogpunt is dit dus die moeite werd om die addisionele koste van insetversekering aan te gaan sodat hy eerstens verseker is dat hy nie 'n totale misoes sal hê nie omdat die versekering altyd 60% of 65% daarvan sal waarborg en dat hy tweedens nie sy grond as sekuriteit hoef aan te bied nie.

Teen 5.5% se premie en 'n bykomende 2% se bestuursfooi is dit vir boere in die Oos-Vrystaat die moeite werd om van insetversekering op koring gebruik te maak. Teen hierdie koers (100% gedeel deur 7.5%) gaan dit hom dertien jaar neem om die gewaarborgde gedeelte van sy oes self te finansier maar hy staan 'n kans om bykans vier keer in hierdie periode 'n ondergemiddelde oes te stroop. Die mieliesom werk

nie op dieselfde basis in die Oos-Vrystaat nie maar dit kan anders lyk in ander dele van die somerreënvalgebied.


### Ten slotte

Insetversekering is in Suid-Afrika om te bly. Daar kan gedebateer word oor wie dit moet finansier, die Staat of die boer. Daar is 'n koste aan verbonde en finansiering op die gewone manier gaan beslis goedkoper wees. Die boer koop egter gemoedsrus van nie 'n misoes te kry nie saam met insetversekering en onthef in die proses ook sy grond of ander bates as sekuriteit. Die oes, wat deur die insetversekering gewaarborg word, dien as sekuriteit vir sy finansiering. Hierdie twee


aspekte regverdig die koste van die insetversekering en is in lyn met wat die meeste landbou-ekonome al vir baie jare lank bepleit naamlik dat die boer se terugbetaalvermoë as sekuriteit vir produksiefinansiering moet dien en nie die boer se grond en al sy ander bates nie. Insetversekering waarborg nou net die terugbetaalvermoë van die boer.

---

**Bethlehem**  
**Februarie 2003**



**FIGUUR 2: MIELIE-OPBRENGS**



**FIGUUR 3: GRONDWAARDE TEENOOR INSETKOSTE**

